

MCPP, MLPP, MRPP
Pre-Primêr Pre-Primary



GELUKKIGE KLEUTERS GERAT VIR MÔRE!
HAPPY TODDLERS GEARED FOR TOMORROW!

**MIDSTREAM PRE-PRIMÊRE SKOOL
MIDLANDS PRE-PRIMÊRE SKOOL
MIDSTREAM RIDGE PRE-PRIMÊRE SKOOL**

GEDRAGSKODE VIR OUERS

Opgestel: Anke de Wet

Regsbystand: De Wet Oosthuizen Ingelyf

1. AANHEF

Die gedragkode is daarop gemik om 'n harmonieuse en gedissiplineerde skoolomgewing te skep waarin opvoeders, afrigters, ouers en ondersteuners die leerders van die skool in staat stel om hul volle potensiaal te bereik. Daarbenewens stel dit 'n maatstaf daar waardeur die gedrag van leerders, ouers, opvoeders, afrigters en bestuur gemeet kan word.

Die direkteure en die skoolhoof het 'n plig om te verseker dat geen persoon wat 'n risiko vir leerders, skoolpersoneel of enige ander besoeker aan die skool inhou om toegang tot die perseel te verkry nie. Enige besoeker aan die skoolgrond kan deursoek word vir enige onwettige middels of gevaarlike voorwerpe. Die direkteure en die skoolhoof behou die reg voor om 'n persoon toegang tot die skoolterrein te weier indien dit in die beste belang van die skool en die leerders is.

2. DEEL VAN INLIGTING

- 2.1. Daar word van ouers verwag om die skool onmiddellik van enige veranderinge in persoonlike inligting in te lig. Dit is noodsaaklik dat die skool met die ouers kan kontak maak tydens noodgevalle en om ander belangrike inligting deur te gee.
- 2.2. Sou ouers van mekaar vervreem word of skei, bly dit daardie ouers se verantwoordelikheid om inligting wat deur die skool na een van die ouers versprei word met mekaar te deel. Reëlins met betrekking tot die leerder se beheer en toesig moet met die skool gekommunikeer word en sal die skool slegs verbind word deur 'n amptelike hofbevel aangaande die leerder se beheer en toesig.
- 2.3. Daar word verder van ouers verwag om die skool in te lig indien die leerder weens siekte of ander redes nie skool kan bywoon nie.

3. OUERBETROKKENHEID

3.1. Algemeen

Geen skool kan 'n onderwystaak behoorlik uitvoer sonder die ondersteuning van die ouers nie. Gewilligheid van ouers om ondersteunend te wees, en deel te neem om die leerwêreld van die kinders voortdurend te onderhou, te verbeter en te verryk binne die opvoedkundige beginsels waarvolgens die skool funksioneer.

3.2. Ouerbetrokkenheid

'n Span opgeleide onderwyseresse aanvaar die taak om elkeen 'n groepie kinders te onderrig soos die kurrikulum voorskryf. Hierdie onderrig vind plaas binne die perke van die skoolomgewing en die skoolure deur die onderwyseres.

By verre die grootste en belangrikste deel van begeleiding tot volwassenheid vind dus buite die skool plaas omdat ouers altyd die primêre opvoeders bly.

3.3. Taak van die ouers

Uit die voorgaande volg dat die ouers-hulle opvoedings- en onderrigtaak behou. Die skool het 'n ondersteunende funksie terwyl die ouers die primêre verantwoordelikheid dra. Hierdie taak word uitgevoer deur intens betrokke te wees by die totale lewe van hulle kind, met inagneming van die insette deur die professionele personeel van die skool.

3.4. Betrokkenheid van die Vader

In sy rigtinggewende taak binne sy gesin, verteenwoordig die vader die groter, verderliggende wêreld, die gestruktureerde werklikheid, die formele gemeenskap en die abstrakte waarheid.

Betrokkenheid by sy kind sal binne hierdie kategorieë moet plaasvind en skakel amper volmaak in by die kurrikulum wat by die skool oorgedra word. Dit is veral in terme van outentieke beleving dat die vader betrokke moet raak by sy kind se begrip van die leerinhoud. Die juffrou kan byvoorbeeld wel aan 'n groep kinders 'n blom wys, asook 'n grafiese voorstelling van die dele van 'n blom. Die vader kan egter met sy kind tussen sy arms 'n blom versigtig oopmaak en met 'n vergrootglas die dele van die blom 'n praktiese belewenis maak.

Die vaders behoort 'n leidende rol te speel in die deelname van die gesin aan perseptuele en motoriese vaardighede. Vaders moet deur vrae, uitdagings en projekte saam met hulle kinders die wêreld ondersoek en die verskeie belangstelling oopbreek.

Met die behoud van die voorgaande, het die vader ook 'n versorgingstaak. Hy sal dus ook op 'n unieke manier en tot 'n mindere mate die dinge doen wat die moeder doen.

3.5. Betrokkenheid van die Moeder

In haar versorgingstaak binne haar gesin, verteenwoordig die moeder die intieme, die nes-warmte, die sagte, die behaaglike, die versoenende, die rustige, die vertroostende en akkomoderende aspekte van die werklikheid en van menslike bestaan.

Betrokkenheid by haar kind sal binne hierdie kategorieë moet plaasvind om 'n waarborg te voorsien dat haar kind die psigiese sekerheid sal beleef wat nodig is om weg van haar af in die skool dit te waag met buitestaanders. Moeder en onderwyseres moet met mekaar kommunikeer aangaande haar kind se emosionele sekuriteit, gewilligheid om nuwe verhoudings te stig en hantering van struikelblokke.

Dit is veral in terme van outentieke spel, kreatiewe ekspressie en emosionele belewenis dat die moeder betrokke moet raak by haar kind se menswording. Die juffrou kan, byvoorbeeld, kinders se trane afvee wanneer nodig. Die moeder kan egter haar kleintjie

se hele lyf in die bad seep smeer en later rustig met die kind op haar skoot sit en haar fisiese nabyheid aanbied.

Die moeder en die vader, wat as 'n span saamwerk, is verantwoordelik vir die volgende:

- vir 'n liefdevolle en sorgsame wyse waarop die kind in die bed gesit en wakker gemaak word;
- die groet wanneer die kind soggens verlaat word en smiddae gehaal word;
- bindingsgeleentheid wanneer die kind gebad word;
- om die kind betrokke te maak by die huishoudelike take;
- storie vertel en voorlees;
- volwasse deelname aan kinderspel;
- noodsaaklikheid van psigiese ekspressie deur spel en skeppende aktiwiteit;
- aantrek van kleredrag (soos vervat in die Algemene beleid en Skoolreëls);
- koördinasie van slaapydperk tuis en by die skool;
- gesonde kos, vermyding van lekkernye;
- gedrag by die skool, insluitend sosiale verbintenisse, speelgeleenthede;
- die gedrag van die kind en enige merkbare verandering daarvan;
- taal en taalverwerwing;
- hantering van siek kinders;
- dissipline en straf;
- verbintenis met familie;
- bevordering van die innerlike vaderkonep en -identifikasie;
- moederlikheid en 'n moederidentiteit.

Met behoud van die voorgaande, het die moeder ook 'n rigtinggewende taak. Sy sal dus op haar unieke manier en tot 'n mindere mate die dinge doen wat die vader doen.

3.6. Vervreemde ouers

In die psige van die kind is dit nie moontlik om vader en moeder te skei nie. Ouers wat geskei is, het die verpligting om te aanvaar dat hulle persoonlike oorlog verby is, maar dat die opvoeding van hulle kinders moet voortgaan. Vader en moeder behou hulle vaderlike en moederlike funksies, al is hulle geskei. "Stiefouers" dra die volle verantwoordelikheid van biologiese ouers en word deur die skool as sodanig beskou.

4. OPTREDE VAN OUERS EN ANDER BESOEKE TYDENS ENIGE SKOOLBESOEKE EN OF SKOOLAKTIWITEITE

4.1. Ouers en/of ander besoekers word aangemoedig om alle leerders van die skool te ondersteun by enige en alle skoolgeleenthede en daar word van ouers verwag om

GEDRAGSKODE VIR OUERS

- hulself ten alle tye as verteenwoordigers van die skool te ag in die bywoning van enige sodanige skoolaangeleenthede soos, byeenkomste, optredes of enige ander skoolaktiwiteite.
- 4.2. Daar word van ouers en/of ander besoekers verwag om ten alle tye voor, tydens en na skoolaangeleenthede, op die skoolgrond of elders, om geensins op 'n wyse op te tree wat die skool, sy leerders en/of sy werknemers se reputasie kan benadeel nie. Ouers moet ten alle tye 'n positiewe beeld van die skool deur middel van hul gedrag uitbeeld en bou.
 - 4.3. Ouers en/of besoekers moet mede-ouers, personeel, opvoeders en enige ander betrokke persone met die nodige respek en verdraagsaamheid hanteer en mag niemand intimideer nie.
 - 4.4. Fisiese geweld, lasterlike en/of aanstootlike taal of onsedelike tekens tydens enige skoolaangeleentheid is streng verbode.
 - 4.5. Ouers en/of besoekers word versoek om hulself te weerhou van negatiewe opmerkings of die gebruik van onbehoorlike taal wanneer hulle met enige ander persoon by 'n skool aktiwiteit teenwoordig, kommunikeer.
 - 4.6. Ouers en/of besoekers moet voldoen aan die versoeke en reëlins van skole en organiseerders wanneer hulle skoolaangeleenthede bywoon en mag nie ontwrigting tydens skoolaangeleenthede veroorsaak nie.
 - 4.7. Geen ouer en/of besoeker mag alkohol of enige ander verbode middel tydens skoolaangeleenthede gebruik of in hul besit hê nie. Die skool behou verder ook die reg voor om 'n persoon toegang tot die skoolgrond te weier sou daar 'n redelike vermoede bestaan dat daardie persoon onder die invloed van alkohol of 'n ander verbode middel is. Die skool behou die reg voor om 'n kind nie aan 'n ouer te oorhandig wat vermoedelik onder die invloed van alkohol of dwelms is nie en sal 'n naasbestaande gekontak word om die kind te kom afhaal.
 - 4.8. Geen wapens of gevaarlike voorwerpe mag op die skoolterrein gebring word nie met die uitsondering van SAPD beamptes in die uitvoering van hul amptelike pligte.
 - 4.9. Die skoolterrein is in geheel 'n rookvrye area en geen persoon mag op die skoolterrein rook nie. Ouers en/of besoekers wat op die skoolterrein rook sal gevra word om die skoolterrein onmiddellik te verlaat.
 - 4.10. Tydens noodsituasies en/of beserings op die skoolterrein moet ouers en/of besoekers die skool toelaat om die betrokke leerder/s se ouers in kennis te stel.
 - 4.11. Daar word van ouers en/of ander besoekers verwag om die skoolterrein netjies en skoon te hou. Die strooi van rommel is verbode.

5. GEBRUIK VAN SOSIALE MEDIA

5.1. Agtergrond

Sosiale media webtuistes word toenemend gebruik in veldtogte teen skole, skoolhoofde, bedryfsbestuurder, direkteure van skole, skoolpersoneel, en in sommige gevalle selfs ander ouers en/of leerlinge. Die direkteure van die skool beskou die gebruik van sosiale media webtuistes op hierdie wyse as onaanvaarbaar en strook dit nie met die beste belange van die skool, sy leerders of die breër skoolgemeenskap nie.

Daar word van ouers verwag om enige klagtes en/of bekommernisse op 'n gepaste wyse aan die skool te kommunikeer deur middel van die gepaste kommunikasiekanale gebruik te maak, sodat sodanige klagtes en/of bekommernisse op 'n billike en gepaste wyse by die toepaslike forum aangespreek kan word.

Enige lasterlike of skadelike plasing op 'n sosiale media platform deur enige persoon sal onmiddellik by die betrokke sosiale media platform aangemeld word vir verwydering. Dit sluit in enige plasings waarin enige persone betrokke by die skool afgeknou word. Daar sal ook van die betrokke persoon verwag word om onmiddellik sodanige plasing op versoek van die skool te verwyder.

In ernstige gevalle behou die skool die reg voor om verdere regstappe teen sodanige persoon te neem om die skool, sy personeel, sy leerders sowel as die breër skoolgemeenskap te beskerm.

5.2. **Ouers moet die volgende riglyne in gedagte hou wanneer hulle sosiale media platforms gebruik om te verseker dat hulle aan hierdie gedragskode voldoen:**

- 5.2.1. Die skool, sy personeel, direkteure, leerders of ander persone by die skool betrokke moet nie in 'n negatiewe of lasterlike manier genoem of bespreek word nie.
- 5.2.2. Foto's van leerders, en nog meer indien hul in hul skooluniform geklee is, verteenwoordig die skool en moet nie geplaas word wanneer sodanige foto's die potensiaal het om 'n negatiewe beeld van die skool, sy personeel en/of sy leerders te skep nie.
- 5.2.3. Foto's van leerders moet nie op sosiale media geplaas of gedeel word sonder die uitdruklike skriftelike toestemming van daardie spesifieke leerder/s se ouers nie.
- 5.2.4. E-posadresse en kontakbesonderhede van ouers, moet nie versprei word sonder daardie persone se uitdruklike skriftelike toestemming nie. Personeel se kontakbesonderhede mag nie deur die skool of personeellid uitgegee of versprei word nie.
- 5.2.5. Ouers mag nie groepe op sosiale media (wat WhatsApp insluit) skep met enige verwysing na die skool of sy aktiwiteite nie. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige sodanige groepe of die inligting wat op sodanige groepe gedeel of versprei word nie.

6. NAVRAE OF KLAGTES

- 6.1. Die direkteure, bedryfsbestuurder, skoolhoofde en skoolpersoneel is daartoe verbind om die skool se belange ten alle tye te bevorder en poog om die ontwikkeling van die skool te verseker deur gehalte onderrig aan alle leerders in die skool te verskaf. Hierdie verbintenis geld ook ten opsigte van die organisering van alle skoolaktiwiteite. Ouers word versoek om die skool in hierdie strewte te ondersteun.
- 6.2. Ouers word aangemoedig om enige navrae, klagtes of probleme ten opsigte van die skool en of skoolaktiwiteite as volg met die skool op te neem:
- 6.2.1. eerstens met die klasonderwyser van die leerder; en
 - 6.2.2. indien die ouer nie tevrede is met die klasonderwyser se terugvoer nie of indien die probleem nie deur die klasonderwyser aangespreek kan word nie, moet die ouer die klagte of navraag op skrif met die skoolhoof, bedryfsbestuurder of Direkteure opneem, waarna die skoolhoof die nodige ondersoek op 'n geleë tyd sal behartig en die ouer/s sal kontak met terugvoer.
- 6.3. Ouers kan dringende aangeleenthede met die skoolhoof, bedryfsbestuurder of Direkteure bespreek deur vooraf 'n afspraak te skeduleer op 'n tydstip wat albei partye pas.
- 6.4. Ouers word versoek om navrae, klagtes en/of probleme met die Skool te bespreek en nie met ander ouers of die media nie.
- 6.5. Ouers word versoek om nie in die teenwoordigheid van leerders krities of negatief teenoor die personeel van die skool te reageer nie, maar om enige probleme met personeel eerder met die skoolhoof, bedryfsbestuurder of Direkteure op te neem.
- 6.6. Ouers word verder versoek om nie die gesag van opvoeders in die teenwoordigheid van leerders te ondermyn nie.
- 6.7. Klagtes en/of probleme sal slegs aangehoor word indien dit oor die spesifieke ouers se eie kind/kinders aangaan. Geen ouer sal toegelaat word om namens 'n ander ouer klagtes en/of probleme met die skool op te neem nie.
- 6.8. Ouers mag nie ander as hul eie kinders dissipliner as hulle op die skoolterrein is nie. Ouers word aangemoedig om kwessies en voorvalle op die regte kanale aan te meld.

7. NIE-NAKOMING VAN DIE GEDRAGSKODE

- 7.1. In die geval van nie-nakoming van hierdie gedragskode sal die oortreder vriendelik versoek word om die betrokke optrede onmiddellik te staak. Sou die betrokke oortreder steeds versuim, behou die skool die reg voor om verdere stappe teenoor die ouer te neem.
- 7.2. Indien ouers enige skoolaktiwiteite deur middel van hul optrede ontwig of op 'n ander wyse onbehoorlik optree, en versuim om sodanige optrede te staak by versoek van die

GEDRAGSKODE VIR OUERS

skoolhoof, bedryfsbestuurder, direkteure en/of 'n ander personeellid, mag die skool vra dat die betrokke ouer die skoolterrein moet verlaat, vra dat sekuriteit die betrokke ouer vanaf die skoolterrein verwyder en mag ook weier dat die ouer die skoolterrein betree.

- 7.3. Oortreders sal ook verplig word om 'n gesprek met bedryfsbestuurder en/of skoolhoof en/of die direkteure van die skool by te woon, waarna die sanksie (indien van toepassing) vir sodanige optrede met die oortreder bekend, bespreek sal word. Ernstige oortredings mag lei tot die uitsetting van die leerders uit die skool.

8. HERSIENING

Hierdie beleid sal van tyd tot tyd op deurlopende basis hersien en verder ontwikkel word, soos nodig geag deur die Skoolhoof, die Bedryfsbestuurder en/of Direksie van die Skool.

Redakteur en Bydraer	Kommentaar	Datum
De Wet Oosthuizen Incorporated Legal Professionals	Beleidskepping	November 2019
Operations Manager: E de Witt	Inhoud hersiening en opdatering	23 Februarie 2023

Ek/Ons _____

ouer(s)/voog(de) van _____

(die leerder/s) het gelees en instem om te deur die voorwaardes hiervan.

GETEKEN: _____ DATUM: _____
Vader/Voog

GETEKEN: _____ DATUM: _____
Moeder/Voog